# "DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 21 - nr. 48.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."
Johannes 1:14

28 November 2021

## EREDIENS: Dr. Petrus Venter

**Erediens – 9h30**

**LITURGIESE GEGEWENS**
**Skriflesing:** Openbaring 5 (1983 Vertl)
Teks: **Openbaring 5: 3-5**
**Sing- VOORAF SANG: Ps. 118:13,14**
**TYDENS EREDIENS: Ps. 135:1,3,4 (Sb.45 se wysie)**
**Ps. 119:46,47; Ps. 77:1,5; Sb.5-3 (8):1,2**

**IS DAAR IEMAND WAT DIE BOEK MET DIE SEËLS KAN BREEK?!**

**Heidelbergse Kategismus: Sondag 32 V/A 86**

***Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?***

**Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry, en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.**

**Vooraf sang: Ps. 118:13,14**

**Ontmoetingsdiens**
Votum
Lofsang: Ps. 135: 1,3,4 (Sb. 45 se wysie)

Geloofsbelydenis
(Apostoliese Geloofsbelydenis)

**Verootmoediging en versoeningsdiens**
Wet
Sing: Ps. 119:46,47

**Gebed**

**Woorddiens**
Sing: Ps. 77:1,5
**Skriflesing:** Openbaring 5 (**1983 Vertl)**
**Teks: Openbaring 5:3-5**

**Preektema**
**IS DAAR IEMAND WAT DIE BOEK MET DIE SEËLS KAN BREEK?!**

**Gebed**

Liefdesdiens kollekte – Dorkas susters
By die deure – Teologiese Studentekas

**Slotsang**
Sing- Sb.5-3 (8):1,2

**Wegstuurseën**

## KOLLEKTES

**Vandag**: 28 Nov. 2021

In die banke: Dorkas susters By die deure: Teologiese Studentekas

Sondag: 5 Des. 2021

In die banke: Dorkas susters By die deure: Bediening vir Postmasburg

***U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...***

Snap here to pay

SnapScan

## WYK – DIENSBEURT

Vandag- 28 Nov. 2021: Wyk 6

Ouderling: Br. Barend Snyman

Diaken: Br. Wikus Pretorius

Wyksuster:

## MEELEWING

- Leja Johnston, die dogtertjie van br James en sr Janika Johnston word volledige herstel toegebid in hierdie tye waar daar groot nood was.
- Sr Marina Reinecke en Lisa Reinecke vertrou ons is goed aan die herstel na mediese prosedures en operasies gebeur het.
- Br Johnny Coetzee wat afgelope tyd met sy gesondheid stoei is ons dankbaar vir verbetering en ons vertrou hy herwin gou die kragte wat hy nodig het.
- Sr Daleen Erasmus en sr Fransie Venter wat beide ook in die tye oog-operasie en behandelings moes ondergaan bid ons volkome herstel toe.
- Br Francois Marais wat afgelope week ook weer behandeling vir sy oog ontvang het, vertrou ons ook dat dit al beter mag gaan.

## VERJAARSDAE

Vandag 28 Nov. Christa v/d Merwe
Maandag – 29 Nov. Zilke Nel
Woensdag 1 Des Ferreira Meyer
Donderdag 2 Des Leendert Snyman (sr.)
Donderdag 2 Des Nettie van Aswegen
Sondag 5 Des Estea du Plessis
Sondag 5 Des Kobie Reinecke

Mag u ’n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

| | |
|---|---|
| Dankoffers ontvang vanaf 1 Maart – 25 Nov. 2021 | R452 533-00 |
| Kermis 2021 (Inkomste tot op 25 Nov. 2021) | R179 823-31 |
| Werklike uitgawes huidige finansiële jaar | R852 656-32 |
| | |
| Ramings per lidmaat per jaar | R883-00 (Hier is ’n verhoging) |

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by http://bit.ly/2D0uRqf

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook ’n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by https://bit.ly/3j1e2xT

## ALGEMENE KERKNUUS

**GKSA NUUSBROKKIES**

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af.  Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur.  U kan dit van ons webwerf aflaai by: http://bit.ly/2SxThy0

## KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by http://bit.ly/2KhypYe

**Laerskool-kategese Al die lesmateriaal is beskikbaar by** http://bit.ly/2KhypYe

**Ons Laerskool-kategese het vir die jaar afgesluit.**

**Hoërskool – kategese Sal weer DV in 2022 hervat ...**

## BYBELSTUDIE - https://youtu.be/xUZo6kTaM9M

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord**.** Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. Die laaste gebed wat ons behandel het, staan in Handelinge 8:1-25.    **In wat hier staan besef ons die werk van die Heilige Gees kan nie goedkoop gemaak word nie!  Hierdie gedeelte wys ook hoe belangrik dit is dat ons 'n Gees-vervulde kerk moet wees ... Die Bybelstudie kan afgelaai word by https://youtu.be/xUZo6kTaM9M**

## HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie tyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het. Ons is dankbaar dat ons diakonie ook weer 'n bedrag aan HJV in die tyd oorbetaal het.

## PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondae om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887.  U kan ook deur die internet luister by http://www.pretoriafm.co.za .

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf.  U kan daarna gaan by http://bit.ly/2NuDyOX

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondae om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

**Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word.** Dit begin om 19h00 en staan bekend as 'n Aand-Ateljeediens.  Vanaand se leerprediking vind plaas uit Sondag 47 van die Kategismus.

## VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind.  Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur.  Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland.  Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za.  Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees.  As u dit oorweeg om ook finansieel tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

# ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onsself daaroor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by http://bit.ly/2Q0Ccw1

# KERKRAADSAKE

**VERGADERINGS:**

Volgende Diakonievergadering – 20 Feb. 2022 (Na die voorbereidingsdiens)

Kerkraadsvergadering- Woensdag (23 Feb. 2022) om 18h00

# KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant | Dr. Petrus Venter | 084 704 2348 | ds@gksa-postmasburg.co.za |
| Skriba | Oudl. Leendert Snyman | 083 286 8496 | leendert@webmail.co.za |
| Admin Beampte | Vakant | 084 704 234 8 | admin@gksa-postmasburg.co.za |
| Voorsitter: Diakonie | Diak. Johan Reinecke | 082 579 8572 | johanreinecke@yahoo.com |
| Koster | Br. Francois Marais | 076 612 2255 | |
| Kassier | Oudl. Lukas Potgieter | 079 695 0555 | lukaskathu@gmail.com |
| Sendeling | Dr. Victor d'Assonville | 0049 1755063249 | vicdas@rtsonline.de |
| ***Ons gemeente se webwerf en faceboek-blad is soos volg:*** | | | |
| http://www.gkpostmasburg.weebly.com | | | |
| http://bit.ly/2Ydk7wK | | | |

# STASTISTIEKE VORIGE SONDAG

| | |
|---|---|
| Erediens bywoning | **102** |
| Kollekte: DVB | **R3 790-00** |
| Kollektes by deure | **R1 776-50** |
| SnapScan en elektroniese bydraes diakonie | |
| | |

# GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

| Rekening | Rekeningnommer |
|---|---|
| Kerkkas | 2130-3400-35 |
| Diakonie | 2130-28-0008 |
| Dorkas-susters | 407-382-6782 |

Snap here to pay

SnapScan

**Daar is nog so bietjie vleis in die saal beskikbaar. Mag u uself vergewis vir wat nog beskikbaar is. Ons het ook nou hout te koop teen R25-00 'n bondel. As u bestelling wil plaas en wil kom afhaal kontak asb. in die week vir dr. Petrus / sr. Christine by wyse van WhatsApp op die nommers 0847042348 of 0845119620 ...**

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za